2 skoonhede, 1 doel
Hulle is albei ewe oud en ewe mooi. En al twee mik daarna om die kroon huis toe te vat.

Rapport
ONS PRAAT JOU TAAL

Vir wie skryf Jean?
Weet jy dalk wie se naam skryf Bok-senter, Jean de Villiers, elke keer ná hy 'n drie gedruk het?

Sondag 22 Junie 2008

Voorblad
Meer Nuus
Algemeen
Sport
Sake
Nuusfokus
Olimpiese Spele
Kommentaar
Hoofartikels
Rubrieke
Briewe
Invoegsels
Perspektief
Tydskrif
Motors
Streeknuus
Gauteng-Rapport
Kaap-Rapport
Allerlei
Video
Blogs
Lotto
Fotogalerye
Gewildste Stories
Loopbane24
Stalmaats
City Press
Sondag

Weer

	min	maks
Bfn	°C	°C
Kpstd	15°C	19°C
Dbn	14°C	23°C
Jhb	5°C	17°C

Meer oor Rapport
Wie is ons
Adverteer
Kontak ons
Briewe vir publikasie
Ombudsman
Stuur jou video
Teken in
Argiewe
Bestel foto's

21/06/2008 21:10 - (SA)

Regshulp-mense wil staak oor geld

Sonja Carstens

Pretoria

Druk artikel
E-pos storie aan 'n vriend

Die agterstand in die afhandeling van hofsake kan nóg groter raak nadat staatsaanklaers en regslui van die Regshulpraad (RHR) die afgelope week geskille oor hul salarisse verklaar het.

Regslui van die RHR wil staak omdat die gaping tussen hul salarisse en dié van hul eweknieë by die na-sionale vervolgingsgesag (NV) jaarliks groter word.

Aanklaers dreig met 'n sloer-staking as die nuwe beroepspesifieke bedeling (BSB) waarop hul vakbonde verlede jaar met die staat ooreengekom het, nie toegepas word nie.

Adv. André Paries, voorsitter van die vakbond Saptu se RHR-afdeling, sê regslui in diens van die RHR word die swakste betaal van alle regslui gemoeid met die howe.

"Die RHR se regslui kan nie meer hul petrolgeld werk toe en terug bekostig nie, hulle sukkel om hul huis- en motorpaaiemente te betaal of selfs net met die verhogings van hul kinders se skoolgelde by te hou.

"Saptu se lede by die RHR wil nie staak nie, want hulle besef hulle lewer 'n broodnodige diens aan die armstes van die armes, maar hulle het geen keuse nie. Hulle kan nie meer oorleef nie terwyl die aanklaers saam met wie hulle werk meer as dubbel hul salarisse verdien," sê Paries.

Saptu het reeds drie briewe oor die regslui se lot aan me. Brigitte Mabandla, minister van justisie, gestuur, maar geen reaksie ontvang nie.

Saptu het die afgelope week namens die regslui 'n geskil verklaar en vra nou die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA) om 'n sertifikaat uit te reik ingevolge waarvan hulle mag staak.

Mnr. Manie de Clercq, adjunkhoofbestuurder van die Public Servants Association (PSA), sê dié vakbond het namens aanklaers 'n geskil verklaar weens Mabandla se onvermoë om BSB vir hulle toe te pas.

Volgens De Clercq is die BSB veronderstel om regslui vir die staatsdiens te behou en na die staatsdiens te lok. "Daar is geen dringendheid by die ministerie om BSB toe te pas nie.

-- Top stories in hierdie kategorie --
Rapport

Kry Rapport op jou Facebook-profiel

Kliek hier vir groot afslag as jy inteken op Rapport!

online publishers association member

Vind
Stuur jou video
Afrikaanse boeke
Internasionale Lotto
Rapport-foto's
Werkgeleenthede

Stem
Maak banke buitensporige hoë winste ten koste van hul kliënte?
Ja
Nee
Stem
Resultate
Vorige Resultate

Vind ou vriende
Kies jou skool se provinsie
Kies
en klik op die eerste letter van jou skool
A B C D E F G H I J K L M N O P Q R S T U V W X Y Z

VIR ALLE GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES
NETADS 24
Alle Kategorieë
SOEK
Plaas jou **GRATIS** advertensie hier!
SOEK | KOOP | VERKOOP